

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 6 Oktober 2014
Personeelblad van die NWU

Vertel die
wêreld van
ons navorsing

Gemeenskappe baat
op *Mandela-dag*

Prof Manie is sinoniem
met *oop afstandsl eer*

Inhoud

- 2 'n Meerleer-webaffêre
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish, ons het baie stories!
- 4 Verkoop wetenskap en navorsing aan die media
- 6 NWU laat 67 minute tel op Mandela-dag
- 8 Fokus op – Oortreders sal vervolg word
- 9 Merke, gereed... Quali!
- 10 Sukses kom met harde werk
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 Ons mense – Do, re, me, fa... Zaan was al daar!
- 17 My gunstelingherinneringe uit my kinderdae is...
- 18 En die wenner is...
- 19 Navorsers giet olie op troebel water
- 20 Apoestertjieplant pas aan of sterf



Voorblad: Lees op die agterblad van Eish! oor die interessante navorsing wat prof Oziniel Ruzvidzo van die Mafikengkampus doen.

NEEM KENNIS:

Om ons koolstofvoetspoor te verklein, versprei ons nou die Eish! elektronies aan alle personeellede. Slegs dié wat nie toegang tot rekenaars het nie, sal gedrukte kopieë ontvang. Kontak gerus ons Eish!-joernalis, Willie du Plessis, met enige nuuswenke of -navrae. Hy is beskikbaar by x99 4915 of willie.duplessis@nwu.ac.za.



'n Meerleer-webaffêre

Die Institusionele Webkantoor het onlangs hul eerste meerleer-webaffêre aangebied waartydens kenners hul insigte oor alles aanlyn gedeel het.

Die doel van die geleentheid was om publiseerders, grafiese ontwerpers, joernaliste en ander belangstellendes by die NWU aan die jongste tendense en denkpatriene oor sosiale media (en sosiale besigheidsintegrasië), "blogging" en die skep van goeie webinhoud bloot te stel.

Senior bestuurslede het ook tyd ingeruim om die sessie by te woon. Dit was nogal belangrik, aangesien bestuurders die groot besluitnemers is wanneer nuwe inhoud op die universiteit se webblaaie gelaai moet word. Die aanbieders het ook die moontlike slaggate van sosiale media en "blogging" uitgewys.

Personeel van al drie kampusse en die Institusionele Kantoor het die geleentheid bygewoon. Hoewel mense met verskillende verwagtinge en belangstellings kom luister het, is niemand sonder 'n interessante brokkie inligting daar weg nie. Positiewe terugvoer het na afloop van die geleentheid ingestroom.

Me Dinesh Balliah, een van die sprekers, is 'n dosent in nuwe en sosiale media by Wits. Volgens haar moet 'n universiteit se teenwoordigheid op die web:

- inligting en hulpbronne verskaf
- navorsingsuitsette deel
- belanghebbers betrek
- die reputasie van studente en personeel bevorder

Sy het ook gesê sosiale media is 'n kragtige hulpmiddel, omdat:

- aanlyn inhoud oor gespreksvoering gaan
- gesprekke nie op statiese webwerwe kan plaasvind nie
- sosiale media gespreksvoering moontlik maak
- sosiale media jou inhoud vir jou "bemark"

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel x99 4937 of Bussie 260. Eish! word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas,



Tien jaar ná die samesmelting is dit tyd vir 'n terugblik op die vordering wat ons sedert 2004 gemaak het, en om 'n nuwe visie, missie en strategie vir die volgende 10 jaar – 2015 tot 2025 – te bedink.

'n Uitgebreide institusionele bestuursplan (wat die onderskeie kampusvisierektore insluit) is al 'n geruime tyd besig om die grondwerk vir die ontwikkeling van 'n strategiese agenda vir die NWU te doen.

Hierdie span het al goeie vordering

gemaak in die bosberaadssessies wat in Julie begin het en in Augustus voortgegaan het.

Die maatstaf wat ons tydens hierdie sessies gebruik het, was die verslag van die internasionale evalueringspaneel (saam met ander evaluerings en ons eie, interne insigte) wat onlangs ons vordering ten opsigte van die laaste 10 jaar se doelwitte geëvalueer het.

Ons het die volgende sterkpunte wat die paneel uitgewys het, oorweeg:

- Sterk groei en ontwikkeling van navorsingskapasiteit en uitsette.
- Gemeenskapsverbintenis op plaaslike en streeksvlak.
- Finansiële bestuur en stabiliteit.

Ons het ook na die volgende aanbevelings van die paneel gekyk:

- Transformasie, veral wat betref toegang en sosiale integrasie.
- Strukturele aangeleenthede rondom ons besigheid- en bestuursmodel om 'n geïntegreerde institusionele kultuur en identiteit

te bewerkstellig.

- Indiensnemingsgelykheid, veral in senior bestuur.
- Verseker dat die navorsingsmissie gepas is binne die konteks van behoeftes in die streek en in die land.

Ons besef egter dat die strategiese proses nie volledig sal wees sonder die insette van die universiteit se belanghebbers nie. Ons is dus daartoe verbind om u, as een van hierdie belangrike groepe, te raadpleeg.

Meer inligting oor hierdie proses sal binnekort verskaf word.

As bestuursplan nooi ons u uit om hierdie soeke na 'n lig vir die pad vorentoe mee te maak. U insette en volgehoue entoesiasme, lojaliteit en ondersteuning sal help om die weg na 'n nóg beter toekoms te baan.

Met vriendelike groete,

Prof Dan Kgawadi
Visekanselier

Eish, ons het baie stories!

Die NWU het 'n skatkis vol navorsingstories, maar hierdie stories moet behoorlik ontgin en lesersvriendelik aangebied word sodat dit tot alle mense kan spreek.

In hierdie uitgawe van Eish! kan julle op p 4 en 5 lees hoe die NWU sy navorsers oplei om hul navorsingstories suksesvol in die media te kommunikeer.

Groot name in die mediawêreld, onder meer me Ruda Landman, het tydens hierdie opleidingsgeleentheid op 19 en 20 Augustus verduidelik hoe navorsers die media moet benader en hoe hulle hul navorsingsboodskappe duidelik en verstaanbaar aan 'n wye gehoor moet kommunikeer.

Kort daarna, op 4 September, het kundiges tydens 'n web-opleidingsessie NWU-personeel ingelig oor alles wat met aanlyn inligting te doen het.

Me Emmerentia Nel, 'n kundige op die gebied van webinhoud-ontwikkeling (veral in die akade-

miese wêreld) het onder meer vertel hoe navorsers hul stories via blogs aan die buitewêreld kan oordra. Lees gerus meer oor hierdie opleidingsessie in die berig op p 2.

Op p 19 en op die agterblad van hierdie uitgawe van Eish! vertel ons kortliks die stories van twee navorsingsprojekte. Die een gaan oor hoe navorsing ingespan word om gemeenskappe se waterprobleme aan te spreek, en die ander oor wat ons kan leer uit die sogenaamde "Cinderella-plant" se vermoë om by uitdagende omstandighede aan te pas.

Aan die einde van hierdie twee kort artikels is daar skakels na waar die volle verhaal van onder meer dié interessante navorsing vertel word – in die NWU se eerste navorsingstydskrif, bekend as *Research Dynamics*.

Dié tydskrif wemel van interessante stories wat strek van ruimtenavorsing en klimaatsverandering tot navorsing oor geneesmiddels om malaria en

tuberkulose te bekamp.

Die NWU het die afgelope dekade navorsing van hoogstaande gehalte gelewer – laat ons nie huiwer om die stories wat daaruit spruit aan die wêreld te verkondig nie.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span



Verkoop wetenskap en navorsing aan die media



Media-kundiges in aksie: Me Yolandi Groenewald, me Ruda Landman en me Lizette Labuschagne gee navorsers en wetenskaplikes by die NWU raad oor 'n produktiewe verhouding met die media.

Wetenskaplikes en navorsers van die universiteit het op 19 en 20 Augustus 'n werkswinkel by die Institusionele Kantoor bygewoon waar hulle geleer het hoe om hul navorsing aan die media te verkoop. Die doel van die werkswinkel was om akademici te bemagtig om hul unieke navorsing en vakkundigheid aan 'n groter gehoor te kommunikeer.

Enige navorser en wetenskaplike kan getuig van die soete bevrediging wanneer hulle die vrugte van hul harde werk pluk.

Hulle kan ook vertel hoe opgewonde hulle raak wanneer hulle iets nuuts ontdek of 'n teorie bewys; maar watter nut het opwinding en kundigheid as dit nie gedeel kan word nie? Dit is waarom dit so belangrik is vir ons hardwerkende akademici om hulle baanbrekerswerk met die wêreld te kan deel. Die vaardigheidewerkswinkel het die room van die mediabedryf byeengebring om ons wetenskaplikes en navorsers kundige raad en leiding te gee.

Die werkswinkel is aangebied deur bekroonde ondersoekende joernalis Ruda Landman, navorser en dosent Marina Joubert en joernalis Yolandi Groenewald. Kursusmateriaal is deur Jenni Metcalfe, 'n wetenskaps- en omgewingskommunikasiekonsultant, en Toss Gascoigne, voorsitter van die Internasionale Netwerk vir die Openbare Kommunikasie van Wetenskap en Tegnologie, geskryf.

Twee joernaliste, Lizette Labuschagne van die SAUK en Dane Beisheim van OFM, en NWU-woordvoerder Louis Jacobs, het met NWU-wetenskaplikes en -navorsers oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe gesels. Die NWU se

mediabeleid, verhoudings met die media, wetenskapskommunikasie as strategiese middel by 'n navorsingsuniversiteit, en beste praktyke ten opsigte van die media, is ook bespreek.

DRA DIE BOODSKAP OOR

Een van die grootste uitdagings waarvoor wetenskaplikes en navorsers te staan kom, is die verkryging van befondsing vir hul navorsing. Betrokkenheid van die media wek belangstelling by mense, en moedig hulle (hopelik) aan om fondse beskikbaar te stel. Akademici kry ook terugvoer oor hul idees, dit stimuleer openbare belangstelling en berei mense voor op verandering.

Dit is hoekom dit so belangrik is dat navorsers in hul onderhoude met die media hul boodskap deeglik oordra.

Wetenskaplikes moet hulleself die volgende drie vrae afvra voordat hulle met die media skakel:

- Watter probleem of vraagstuk word deur die navorsing aangespreek?
- Na watter oplossing soek die navorser?
- Wie gaan deur hierdie navorsing geraak word en hoekom?

DIE MAG VAN MEDIAVRYSTELLINGS

NWU-wetenskaplikes het geleer dat 'n mediavrystelling een van die mees doeltreffende wyses

is om die navorsing se storie te vertel. 'n Mediavrystelling is 'n opsomming van die inligting wat via e-pos of faks aan joernaliste gestuur word.

'n Mediavrystelling maak seker dat almal wat 'n belang by die saak het, ooreenkom oor hoe en deur wie die storie vertel gaan word. Wetenskaplikes kan op hierdie wyse verseke media gelyktydig met dieselfde storie bereik, en ook verseker dat joernaliste alle besonderhede en die spelling van name akkuraat weergee.

Stappe vir die saamstel van 'n mediavrystelling:

- Hou die doelwitte van die mediavrystelling in gedagte terwyl jy die boodskap formuleer.
- Besluit op 'n invalshoek deur uit te vind wat die media se belangstelling sal prikkel.
- Skryf in die "omgekeerde piramide"-styl: belangrikste inligting eerste.
- Sluit die kontakbesonderhede van almal wat in die vrystelling aangehaal word, in.
- Stuur die vrystelling as 'n eksklusiewe storie aan 'n spesifieke joernalis of aan alle media.

ALLE MEDIA IS NIE DIESELFDE NIE

Dit is belangrik om die regte tipe media vir die regte tipe navorsing te kies. Televisie is byvoorbeeld meer visueel en vereis baie visuele materiaal, terwyl die finansiële pers fokus op die effek van die navorsing op die bedryf en die arbeids-

mark, wat waarskynlik klomp figure, tabelle en statistieke vereis; landelike media sal wil weet hoe die navorsing die gemeenskappe in hul verspreidingsarea gaan beïnvloed.

Die werkwinkel het die eiesoortige eienskappe van onder andere plaaslike koerante, dagblaie, tydskrifte, radio, televisie en aanlyn media bekyk.

VERSTAAN DIE MEDIA, KRY SELFVERTRoue
Deelnemers aan die werkwinkel het nie net

teoretiese riglyne ontvang nie, maar het ook die geleentheid gehad om aan kamma-onderhoude op televisie (met Ruda) en oor die radio (met Lizette en Dane) deel te neem. Dit het vir 'n tikkie opwinding by die inligting gesorg.

Rudi van der Merwe van Gemeenskapsverbintenisse by die Institusionele Kantoor het die werkwinkel bygewoon, en sê dat dit 'n onvergeetlike ervaring was om in die kamma-televisieonderhoud die ikoniese Ruda Landman van aangesig tot

aangesig te kon ontmoet. "Dit is wonderlik om te weet dat daar soveel maniere is om die boodskap van navorsing, gemeenskapsverbintenis en uitnemende werk oor te dra. Ek glo dat elke wetenskaplike en navorser hierdie jaarlikse werkwinkel moet bywoon."

Dit is die universiteit se plan. 'n Jaarlikse aanbieding van die werkwinkel rus elke navorser toe met die sleutel tot verskeie geleenthede om hul werk, waarop die NWU geweldig trots is, te bevorder.

Warm wenke vir onderhoude



Kommunikeer en deel jou ontdekkings, versterk jou kanse om befondsing te bekom en berei die gemeenskap op verandering voor.



Nuus gaan oor die gevolge van die storie, nie oor die navorsing nie – hoe beïnvloed jou werk die man of vrou op straat?



Joernaliste leef vir 'n goeie storie – gee hulle die harde feite, goeie fotogeleenthede en baie tyd voor sperdatums, en hulle sal mal wees oor jou. Wees sperdatum-bewus. Wanneer moet die joernalis se storie klaar wees?

Vars nuus is goeie nuus; ou nuus is nie nuus nie (tensy jy dit kan optooi).



Nuus is nie 'n referaat nie – dit vertel wat jy gedoen het, hoe dit mense gaan affekteer en wanneer dit gereed gaan wees.

Die media wil met die navorser praat, nie met 'n amptelike woordvoerder nie.

Moenie jou kalmte verloor met die joernalis nie.

Bly by die punt – stel jou saak vinnig en duidelik, en hou dan op.

Dink aan die verslag-gewer as 'n bondgenoot, nie 'n bedreiging nie.



Vra jou mediabe-ampte, wat ervaring met die media het, om jou te help oefen en voorberei.



Wees vriendelik en aangenaam na afloop van die onderhoud.

Wees maklik bereikbaar.

Bron: Talking science with the media – get on the front foot deur Jenni Metcalfe and Toss Gascoigne.

NWU laat 67 minute

Die drie kampusse het op 18 Julie, ter nagedagtenis aan wyle oudpresident Nelson Mandela, 67 minute van hulle tyd daaraan gewy om gemeenskappe in hul omgewings se lewens aan te raak. Hier is 'n paar van die hoogtepunte.

NWU BEDIEN KINDERS EN PASIËNTE

Personeel van die Mafikengkampus het in groepe verdeel en die tyd gebruik om aan verskeie spesiale projekte in die omliggende gemeenskap te werk.

Dinge het teen dagbreek begin toe prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor van die Mafikengkampus en gekwalifiseerde verpleegkundige, en lede van die kampus se Verteenwoordigende Studenteraad 'n besoek by die Mafikeng Provinsiale Hospitaal gaan aflê het. Hulle het gehelp om sale skoon te maak, beddens op te maak en na die behoeftes van pasiënte om te sien.

Personeel van die Toelatingskantoor het hul aangenome skool, Isibindi Day Care, ondersteun deur ontbyt en middagete te maak vir meer as 300 weeskinders en inwoners van Magogoe dorpsgemeenskap.

Kampuspersoneel het kospakkies in die gemeenskap uitgedeel en die biblioteekperso-

neel het help skoonmaak by Slurry Primary School.

Grondslagfasepersoneel en -studente van die Fakulteit Onderwys en Opleiding het by die Madiba Primary School in Rooigrond toerusting gewas en skoongemaak, meubels herstel, en die graad R-klassie uitgeverf.

Die Regsfakulteit het op 25 Julie hul eie Mandela-dag gehou en die Tlale Primary School in Motlhabeng besoek.

NWU, SAKEKAMER EN ONTWIKKELAARS VAT HANDE

Op Mandela-dag het die personeellede van die Potchefstroomkampus gewys dat die omgewing waarin mense bly en werk, vir hulle saak maak.

Hulle het dit gedoen deur hande te vat met lede van die gemeenskap om 'n straat naby die kampus op te ruim en om 'n park vir die kinders van Wyk 6 in Ikageng te skep.

Slegs 'n hanetree van die kampus af, in Steve Bikostraat, het die personeel en studente van die kampus kragte saamgesnoer met die Potchefstroom/Tlokwe Sakekamer en ontwikkelaars vir 'n reuse skoonmaak-aksie.

"Die hele karakter van Steve Bikostraat naby die kampus is aan die verander te wyte aan die woonstelblokke wat soos paddastoel opsiet," sê mnr Jean-Marc Stidworthy van Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus.

Hy sê dat konstruksievoertuie die verkeersvloei belemmer terwyl die dorp se geskiedkundige akkerlaan bedreig word deur gate, bakstene, bourommel en betonblokke wat teen die bome gestort of gestapel word.

Dit het die betrokke partye aangespoor om tot die daad oor te gaan in 'n poging om die omgewing veiliger en skoner te maak – nie net vir inwoners nie, maar ook vir personeel en studente.



Maak 'n verskil: Personeellede van die Mafikengkampus het hul toewyding getoon deur op wyle Nelson Mandela se verjaarsdag aan verskeie gemeenskapsprojekte deel te neem.

Prof Robert Balfour (dekaan van Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus) en me Dalene Ackerman, dr Louise Postma en me Louisa Knight (personeellede) het op Mandela-dag pret en plesier in Kerekestraat, Ikageng gehad deur te help om 'n pragtige park vir die kinders in Wyk 6 te skep.

tel op Mandela-dag



Studente, ontwikkelaars en lede van die Potchefstroom/Tlokwe Sakekamer het hul deel gedoen op Mandela-dag. Op die perseel is mnr Bertus le Roux, Potchefstroomkampus, die NWU-PUK gelukbringer, Pukki, mnr Jean-Marc Stidworthy, Potchefstroomkampus, en me Delmarie van Zyl van die Potchefstroom/Tlokwe Sakekamer.

Verder weg van die kampus het personeel lede van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe 'n pragtige park vir die kinders van Wyk 6 in Ikageng, Potchefstroom, geskep.

Die projek is deur Merna (Kreatiewe en Uitvoerende Kunste vir Onderwys) en me Adri du Toit en haar kollegas van die Tegnologie vir Onderwys-vakgroep gelei, en hulle spannetjie is aangevul deur gemeenskapslede uit Wyk 6.

Prof Robert Balfour, dekaan van die fakulteit, sê dat hulle hoop om hiervan 'n vaste projek te maak.

"Personeel van Parke en Ontspanning en Openbare Werke, en mammas en oumas van Wyk 6 het gehelp om slote op te vul, buitebande vas te bout en alles met vrolike kleure en ontwerpe te versier."

Na die tyd het almal iets te drinke en 'n stukkie koek geniet.

LIEFDADIGHEID BEGIN BY JOU MET – 67 PRODUKTE

Die NWU se Vaaldriehoekkampus glo dat liefdadigheid by ons elkeen begin ("Charity begins at home").

Elke departement moes 67 van 'n spesifieke produk insamel wat as deel van die kampus se Maaltyd-per-Dagprojek aangewend kan word om behoeftige studente te help. Die kampus se eerste voltydse maatskaplike werker, me Maggie Matsaneng, het die Charity Begins at Home-projek op Mandela-dag van stapel gestuur.

"Die projek beoog om 'n volhoubare kos- en klerebank op die been te bring om hulp te verleen aan studente in nood. "Elke departement het op items soos blikkieskos, suiker, tee, komberse, klere en toiletware besluit en 67 eenhede van elk ingesamel," sê Maggie. Die items word in die kosbank gestoor en aan behoeftige studente uitgedeel.

In 'n ander projek het me Tumi Mzini, dosent in Openbare Bestuur en Administrasie, en een van haar PhD-studente, me Sonti Mokone, deel van 'n span uitgemaak wat die Asedi Gemeenskapsentrum in Bophelong-Muvhango skoongemaak en uitgeverf het.

Personeellede van die Vaaldriehoekkampus vul die kosbank se voorraad aan. Mnr Lucas Serei van Studentevoorrigting en -ontwikkeling (SVO), me Keleabetswe Narenti en me Deliwe Msibi van Bemaking en Kommunikasie en me Maggie Motshaneng (SVO) maak seker dat alle skenkings by behoeftige studente uitkom.



Me Zaheera Abdullah van Studentevoorrigting en -ontwikkeling (Vaaldriehoekkampus) maak kospakkies op.

Fokus op Oortreders sal vervolg word



Daar is 'n skrikwekkende toename in die getal sake wat vanjaar deur die span van interne oudit ondersoek word. Volgens me Madelein van der Merwe, direkteur van Interne Oudit by die Institusionele kantoor, is hul fokus nou op bedrogvoorkoming.

V: Hoe groot is die toename in die getal sake wat ondersoek word?

A: Daar is 'n baie groot toename. Dit is baie meer as wat ons voorheen gelyktydig ondersoek het.

V: Watter oortredings sluit dit in?

A: Dit sluit onder andere die verandering van elektroniese fakture, wanvoorstellings, skep van fakture vir eise, dubbelbetalings en bedrog met kontantvoorskotte en kleinkastransaksies in.

V: Hoekom is daar so 'n groot toename?

A: Ons stelsels is die afgelope tyd aangepas en verbeter. Dit is nou die beste wat dit ooit was en dit is vir ons nou makliker om onreëlmatighede vinnig en doeltreffend te identifiseer.

Daar word ook baie meer gevalle deur kollegas aangemeld omdat hulle meer paraat en bewus is van sake wat nie vir hulle heeltemal reg lyk nie.

V: Hoe identifiseer julle hoofsaaklik onreëlmatighede?

A: Die Departement Finansies gee vinnig betalings deur waar hulle onraad vermoed en met deurlopende ouditmoniteringstoetse word ten-

Daar is 'n groot toename in die getal insidente van bedrog en onreëlmatighede wat deur Interne Oudit ondersoek word. Die ouditkomitee het hulle kommer hieroor uitgespreek, en die interneouditspan versoek om personeel eerder aan te moedig om hierdie onreëlmatighede te voorkom of sou gou moontlik te kan identifiseer. Die boodskap van dié veldtog is ferm: Oneerlike werknemers sal gevang word!

dense vinnig uitgewys, en natuurlik ook kollegas wat inligting onder ons aandag bring of in die aanmeldingsbokse plaas (anoniem).

V: Waar vind bedrog die maklikste plaas?

A: Daar is bepaalde risiko-areas. Interne Oudit doen op 'n gereelde basis toetse om duplikaat transaksies te identifiseer. Elektroniese fakture wat gewysig en aangebied word vir betalings is ook groot risiko's.

Personeel wat transaksies magtig moet noukeurig kontroleer om seker te maak dat die bankbesonderhede wat op die faktuur verskyn en wat ingevul word op die tjekbetalingsrekwisisie reg is. Bewyse van betalings kan maklik verander word of privaat uitgawes kan maklik aangebied word vir betaling uit die kleinkas.

V: Wat is die grootste oorsaak van bedrog in die werkplek?

A: Mense se etiese waardes is nie dieselfde nie. Vir baie mense is daar 'n grys area tussen dit wat reg en verkeerd is. Baie mense probeer onetiese gedrag rasionaliseer. Hulle oortuig hulself dat die kontroles en beleide te eng is of dat dit te veel

administratiewe lading op personeel plaas. 'n Swak kontrole-omgewing word hierdeur geskep en sodoende word 'n klimaat geskep vir bedrieërs om makliker ongeldige transaksies of eise te verwerk.

V: Wat kan gedoen word om bedrog en wangedrag aan bande te lê?

A: Bestuurders en toesighouers moet transaksies en dokumentasie behoorlik opvolg. Indien jy vir aankope of dienste geteken het, maak seker die goedere of dienste is werklik gelewer en dat dit nie dubbeld geëis word deur verskillende betalingsstelsels nie (kleinkas, voorskot, ad hoc betalings en eise).

V: Moet julle alle sake van diefstal en bedrog aan die SA Polisiediens (SAPD) oorgee om te ondersoek en word daar dan kriminele sake teen hierdie persone aanhangig gemaak?

A: Alle sake bo 'n sekere bedrag moet aan die SAPD oorhandig word vir kriminele vervolging. Ons het nie 'n keuse nie en alle gevalle moet konsekwent hanteer word. Bedanking voor jy dissiplinêr aangekla word is ook nie meer 'n uitkoms nie, aangesien ons dan steeds die saak aan die SAPD oorhandig.

V: Wat was die grootste strawwe wat oneerlike NWU-werknemers onlangs opgelê is?

A: Tronkstraf, opgeskorte vonnisse, maar dit alles is onderhewig aan hofuitsprake. Indien jy dissiplinêr aangekla word, word dit op jou personeellêer aangeteken, en kan dit ter sprake kom indien jy vir 'n volgende pos elders aansoek doen en hulle navraag doen by die universiteit oor jou rede vir bedanking.

Bedrog kan nooit geregverdig word nie. Wat die rede ook al, dit moet nooit 'n keuse wees nie.

Werkswinkel fokus op bedrog

Die span van die NWU se interne oudit het vanjaar, net soos in 2013, weer 'n werkswinkel oor bedrog gehou.

Die werkswinkel is gedurende Oktober op die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus vir bestuurders en werknemers aangebied. Die

vorige werkswinkel is deur amper 100 personeel bygewoon en dit is die rede dat dit vanjaar apart aangebied is. Die werkswinkel het gefokus op die profiel van bedrieërs en oortreders, die aanmelding van moontlike onreëlmatighede en bedrog, en die gevolge en voorkoming daarvan.

Merke, gereed... *Kuali!*

Die Kuali Finansiële Stelsel het die implementeringsfase bereik. As jy 'n gebruiker van die stelsel is, kan jy die kassies hieronder merk. Dit sal jou help om seker te maak dat jy die spertye vir die onderskeie fases van die oorskakeling sal bereik.

WAT OM TE DOEN	WANNEER OM DIT TE DOEN (Datum waarop dit afgehandel moet wees)	ONTHOU...	
Voorraad van stoor	28 November 2014	• Personeel moet voorraad voor of op 28 November bestel, aangesien die fisiese voorraadopname nog gedoen moet word. • Geen inventaris sal ná 28 November uitgereik word nie.	☐ ☐
Bestellings (ekstern)	30 November 2014	• Algemene bestellings moet so gou moontlik uitgereik word en alle fakture vir betaling so gou moontlik ingehandig word. • Indien spesiale toestemming verkry is, mag sommige bestellings tot en met 15 Desember 2014 uitgereik word.	☐ ☐
Krediteurfakture	8 Desember 2014	• Hierdie fakture moet teen 8 Desember ingehandig word om op 12 Desember 2014 betaal te word.	☐
Ad hoc- en kleinkas-eise	10 Desember 2014	• Hierdie eise moet op 10 Desember ingehandig word om op 12 Desember betaal te word. • Kritiese betalings ná 12 Desember sal per tjek gedoen word.	☐ ☐
Aankope van bates	12 Desember 2014	• Hierdie aankope moet teen 12 Desember ingedien word.	☐
Ad hoc- en kleinkasbetalings	12 Desember 2014	• Hierdie is die laaste betaling vir Desember 2014.	☐
Krediteurebetalings	12 Desember 2014	• Hierdie is die laaste betaling vir Desember 2014.	☐
Goedere-ontvangste	15 Desember 2014	• Hierdie moet so gou moontlik afgehandel word en alle fakture moet vir betaling ingedien word.	☐
Interdepartementele rekwisities	15 Desember 2014	• Hierdie moet so ver moontlik voltooi word.	☐
Uitstaande voorskotte	15 Desember 2014	• Alle voorskotte moet so ver moontlik ingedien word.	☐
Diverse debiteure	15 Desember 2014	• Alle fakture en kredietnotas moet teen 16:30 geprosesseer wees. • Die nodige rekonsiliasies sal op 17 en 18 Desember gedoen word.	☐ ☐
Joernaalinskrywings	17 Desember 2014	• Hierdie moet vir prosessering ingehandig word.	☐
Uitstaande verpligtinge	18 Desember 2014	• Hierdie moet opgevolg en afgesluit word.	☐
Oracle maandeinde-lopies	18 Desember 2014	• Sentrale Finansies sal die maandelikse lopies en bywerkings hanteer.	☐
Oracle finalisering van maandeinde	19 Desember 2014	• Finale kontrole en prosessering word afgehandel.	☐
Oracle FIN sluit 16:30	19 Desember 2014	• Die stelsel sal gesluit wees vir rugsteun.	☐
Oracle FIN weer beskikbaar	4 Januarie 2015	• Dit gaan nodig wees om die finale inskrywings vir 2014 te doen.	☐

Webblad ondersteun Kuali-opleiding

Die Kuali-webblad is op 1 September van stapel gestuur om te help met opleiding en om inligting oor die oorskakeling na die Kuali Finansiële Stelsel te verskaf. Me Chandré Botha, bestuurder van IT-opleiding en -be-magtiging (Institusionele Kantoor), sê dat die

webblad, www.nwu.ac.za/kfs, 'n enkele KFS-opleidingsplatform vir gebruikers verskaf.

Opleidingsvideo's, -handleidings en antwoorde op gereelde vrae skep 'n selfhulpomgewing vir gebruikers, wat die oorskakeling van Oracle na

KFS sal vergemaklik. "Die webblad is ontwerp sodat gebruikers maklik toegang daartoe kan verkry," sê Chandré. "Hulle kan dit gebruik net wanneer hulle wil en kan belangrike inligting hersien deur oor en oor na die videos te kyk indien nodig."

Sukses kom met harde werk

Eish! gesels met prof Manie Spamer, die uitvoerende direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer op die Potchefstroomkampus. Dié dinamiese direkteur vertel dat hy die voorreg gehad het om afstandsleer te vestig en te ontwikkel by die NWU en dit te sien groei en presteer.

Prof Manie Spamer is passievol oor oop afstandsleer. Hy sê die gebruik van tegnologie is van kardinale belang. "Sekere programme sal in die toekoms ten volle aanlyn wees. Ander, veral in landelike gebiede waar daar nie Internet is nie, sal ander tegnologie nodig hê."

Prof Manie Spamer is 'n man met visie en hy span hierdie eienskap van hom in om oop afstandsleer tot verdere hoogtes by die NWU te neem. As uitvoerende direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) aanvaar hy verantwoordelikheid vir die bedryf van meer as 30 000 afstandstudente in Suid-Afrika, Namibië, Botswana en enkele ander lande.

PAK TAKE SUKSESVOL AAN

"Ek glo as 'n mens 'n taak aanpak moet jy 'n sukses daarvan maak," vertel Manie. Hy sê niks gebeur in die lewe as jy dit nie laat gebeur nie. Dit is daarom dat hy elke loopbaangeleentheid aangryp. Hiervan getuig sy indrukwekkende CV.

Van die enkele loopbaanhoogtepunte is sy aanstelling as viserektor by die voormalige Potchefstroomse Onderwyskollege (POK) en dat hy die eerste uitvoerende direkteur van die EOAL is. Hy is ook al talle male beloon vir sy harde werk. Dit sluit onder andere in 'n toekenning vir navorsing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n navorsingstoekenning van die Nasionale Navorsingstigting om navorsing by die Universiteit van Exeter te doen in talentidentifisering en 'n Afrika-toekenning vir Akademiese Leierskap.

HY BEVORDER DIE EOAL

Die EOAL bedryf tans 10 programme. Dit sluit vyf programme in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, vier van Gesondheidswetenskappe en een van Teologie in. "Volgende jaar kom nog twee fakulteite, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Lettere en Wysbegeerte by," sê hy.

"Onderrig-leer behels hoofsaaklik dosente wat via interaktiewe witborde klasse uitsaai na 55 studiesentrums in Suid-Afrika en ander lande.

"Die aantal lokale by studiesentrums wat toegerus is met witborde vir kontakklasse wysel van een tot vier, afhangende watter programme aangebied word.

"Alle lesings word uitgesaai vanaf moderne toegeruste ateljees en op die Internet gestoor. As 'n student dus 'n klas gemis het of weer na die lesing wil kyk het hy volle toegang daartoe."

Manie sê by elke sentrum is daar 'n volttydse sentrumbestuurder, twee IT-spesialiste sowel as 'n bronne- en rekenaarsentrumkoördineerder.

"Die EOAL bestaan tans uit 71 volttydse en 300 deelttydse personeel. My taak is om toe te sien, met die hulp van uiters bekwame en lojale bestuurders, dat die proses bestuur word."

WERK IS BEVREDIGEND

Manie sê die NWU is die eerste tradisionele kontak-universiteit wat afstandsprogramme op groot skaal aanbied en is tans die tweede grootste universiteit in Suid-Afrika as die afstandsgetalte in ag geneem word.

"Deur oop afstandslere spreek ons die behoeftes van die land aan. Hierdie metode van aflewering gee toegang aan veral voorheen benadeelde groepe, wat andersins nie verder sou kon studeer nie. Nuwe programme gaan verdere toegang gee."

Oop afstandslere verander lewens deur geleenthede te skep vir studie en ondersteuning wat anders buite bereik vir baie mense sou wees. Hy sê daar is die afgelope 10 jaar reeds meer as 50 000 grade en diplomas aan afstandstude-dente toegeken is.

SUKSES OOK OP SPORTVELD

Buiten vir die akademie was Manie ook 'n bekroonde rugbyafrigter wat al die Springbok A-span en honderde rugbyspelers afgerig het. Groot sportsterre wat deur hom afgerig is sluit in Kobus Wiese, Deon Oosthuizen en Schutte Bekker.

"Dit is wonderlik as hierdie spelers vandag na my toe terugkom en dankie sê vir dit wat ek in hul loopbane vir hulle beteken het," sê Manie wat 'n toekenning as rugbyafrigter van die jaar in sy afrigtingsdae ontvang het.

TALENTE EN SUKSESSE IS SEËNINGE

"My lewe is geseënd met baie talente en suksesse. Soos in almal se lewens was daar ook teleurstellings, maar as ek 'n balansstaat van my lewe sou moes opstel, glo ek die bates is meer as die laste," vertel Manie.

Dit is met hierdie positiewe uitkyk op die lewe dat hy hoop vir goeie gesondheid sodat hy sal kan aanhou om 'n bydrae te lewer om EOAL by die NWU verder uit te brei met kwaliteitprogramme en suksesse.



Prof Manie Spamer het die Afrika-toekenning vir Akademiese Leierskap ontvang. Hy vertel dat sy eerste baas, prof Gert Strydom, hom gemotiveer het om op 28 reeds 'n doktorsgraad te kon hê.

Interessante feite oor prof Manie

My gunstelingboek:

Ek lees veral outobiografieë en boeke wat handel oor individue wat sukses in die lewe behaal het.

My gunstelingfliel:

Dit is moeilik om net een te kies. Flielks wat handel oor die Tweede Wêreldoorlog, soos *Schindler's list*, interesseer my.

My gunstelingkos:

Ongetwyfeld braaivleis met tradisionele bykosse.

My gunstelingvakansiebestemming:

My plaas en vakansiehuis in Stilbaai.

My gunstelingmusiek:

Die vroeë sewentigerjare se musiek toe ek in matriek was. Ek is ook 'n groot ondersteuner van Afrikaanse musiek.

My stokperdjies:

Om naweke in my tuin te werk, wild te bedryf op my plaas en sport te kyk op TV.

Die soort kind wat ek was:

My ma, wat nou 102 jaar oud is, sal jou vertel dat ek niks op skool geleer het nie en altyd net van standaard tot standaard deurgeskraap het. Die plaaslewe het my geïnteresseer en tot my pa se ontsteltnis het ek nuwe dinge geskep met soms nadelige gevolge.

Scouts oorval die kampus

Meer as 80 scout-troepe (Padvinders) en spanlede het onlangs die kampus vanuit die Verenigde Koninkryk, Swaziland en die Noordwesprovinsie oorval vir die jaarlikse South African Scouts Expedition (SASE). Die kampus, wat die SASE-geleentheid aangebied het, het daarmee saam die NWU Roverspan bekendgestel.

Die doel van SASE is om scouting (ook "verkenning") aan te moedig en vir die Noordwesprovinsie se jeug lewensvaardighede te leer wat hulle sal help om – as lede van hul onderskeie gemeenskappe – hul morele kompas te ontwikkel. Scouts word ook geleer hoe belangrik dit is om jou omgewing en die natuur te respekteer. Die besoekende scouts en die NWU Roverspan het tydens hulle ekspedisie van agt

dae op gemeenskapsopheffing gekonsentreer, en gaan inloer by die provinsie se Magogoe dorpsgemeenskap.

Die Roverspan, onder leiding van mnr Tiro Matshane, het van die geleentheid gebruik gemaak om hul kennis van inheemse speletjies met hul internasionale spanmaats te deel, en het besoek afgelê by die geskiedkundige monumente wat rondom Mafikeng opgerig is.

Die scouts het ook die kampusrektor en die Opperhoof van die Barolong Ratshidi-stam, Kgosi Jeffrey Montshioa, ontmoet. Die Kgosi het hulle vertel van die belangrike rol wat die scouts in die Anglo-Boereoorlog gespeel het in die Britse oorwinning tydens die bekende Beleg van Mafikeng.

Ontleder vir prestasiemeting

Die kampus het 'n ultramoderne VO2 max-ontleder aangeskaf wat gebruik word vir die meting van atlete se kapasiteit vir aërobiese oefening om hulle te help voorberei vir kompetisies.

Die ontleder, ingevoer vanaf Italië, is befonds deur die Institusionele Navorsingsondersteuningskantoor en sal gebruik word deur die Departement Sportwetenskap in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe onder toesig van mnr Pieter Boer, departementshoof.

Die navorsing sal hoofsaaklik fokus op die spelers van die Sokkerinstituut en uitreikprogramme in en om landelike dorpie in die distrik.

VO2 max is die maksimumkoers van suurstofverbruik gedurende oefening, gewoonlik op 'n trapmeule, en gee 'n aanduiding van 'n persoon se kardiovaskulêre uithou vermoë. Meting van die sokkerspelers se uithou kapasiteit gee 'n aanduiding van hoe hulle tydens kompetisies sal presteer.

"Ons sokkerspelers het nou vir die eerste keer onbeperkte toegang tot wetenskaplike toetsing. Hulle kan nou op dieselfde manier as baie ander hoëprestasie-institute regoor Suid-Afrika afgerig en gemoniteer word. Ons voel bevoorregd om hierdie toerusting te ontvang," sê Pieter.

Uitreikprojek bevoordeel informele dagsorg

'n Gemeenskapsuitreikprojek geïnisieer deur die Fakulteit Onderwys en Opleiding gaan informele dagsorgsentrums in en om Mafikeng help.

Dr Myrtle Erasmus het die projek met die hulp van prof Dawid Gericke, die dekaan van die fakulteit, geïnisieer nadat sy besef het dat kinders wat die informele dagsorgsentrums bywoon nie aan die nodige leerprogramme blootgestel word nie.

Aangesien die meeste van die versorgers nie gekwalifiseer is, word die kinders nie genoeg gestimuleer in areas soos bewegingsontwikkeling, perseptuele vaardighede en breë taalblootstelling nie.

Hulle is dus nie skoolgereed wanneer hulle graad een toe gaan nie, wat uiteindelik hul totale ontwikkeling en latere skoolprestasie kortwiek. Die oogmerk van hierdie projek is om die versorgers op te lei, om leiding te gee wat betref die bestuur van die sentrums en om hulle bekend te stel aan die tipiese dagprogram wat gevolg word by dagsorgsentrums.

Tans beskik die projek slegs oor die nodige kapasiteit vir 10 skole, maar volgens Myrtle is die behoefte heelwat groter. Versorgers van ongeveer 40 skole of sentrums woon die opleidingssessies by wat aangebied word deur haar en dr Elsabe Wessels, beide dosente in Grondslagfase-onderwys.



Mamo T Hos Day and Baby Care Centre is een van die informele dagsorgsentrums wat tans gehelp word deur dr Myrtle Erasmus se uitreikprojek.



Die VO2 max-ontleder sal aan sokkerspelers 'n aanduiding gee van hul aërobiese fiksheidskapasiteit. Van links is mnr Tom Heer van TDH Medical, mnr Pieter Boer en prof Petrus Botha, dekaan van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

Tale en Lions span saam vir geletterdheid

Die Skool vir Tale het saam met die Lions Club in Potchefstroom stapels boeke ingesamel om minder bevoorregte kinders die geleentheid te gee om hul horisonne te verbreed.

Die skool verstaan dat daar van kindsbeen af 'n liefde vir lees gekweek moet word en dat boeke die sleutel tot 'n beter toekoms is.

Die boeke wat deur die personeel geskenk is, is aan die Abraham Kriel kinder- en jeugsorgsentrum gegee waar dit aangewend sal word om 'n leeskuilte onder die kinders te kweek.

Hierdie inisiatief is begin deur lede van die skool wat ook deel is van die plaaslike Lions Club. Geletterdheid lê beide Lions International en die Skool vir Tale baie na aan die hart.



Me Gerda Wittmann van die Skool vir Tale oorhandig die boeke aan me Florah Votyeka van die Abraham Kriel kinder- en jeugsorgsentrum.

"Ons personeel is nie net mense wat hulle tyd verwyd met navorsing en onderrig nie, hulle maak ook hulle harte oop vir die gemeenskap. Daarom het die skool sonder huiwering betrokke geraak by die boekskenkingsprojek," sê prof Wannie Carstens, direkteur van die skool.

Woorde sal jou inspireer

'n Projek om die geskrewe skatte vanuit verskeie tale 'n hupstoot te gee, word binnekort op die kampus geloods. Gedigte van plaaslike en internasionale digters sal op plaatjies teen mure, sypaadjies en op staanders oral oor die kampus aangebring word.

Prof Wannie Carstens, direkteur van die Skool vir Tale, sê die projek is reeds sedert 2012 in ontwikkeling. Daar is reeds 'n handjie vol gedigte in die Frans du Toit-gebou gemonteer. Personeel van die Skool vir Tale sal binnekort 'n paar plekke op kampus identifiseer waar die volgende plaatjies gemonteer sal word.

Volgens Wannie is Lovers Lane eerste op die prioriteitslys vir die aanbring van 'n reeks gedigte van plaaslike digters wat onder andere prof TT Cloete, prof Heilna du Plooy, prof Hans du Plessis, prof Etienne Terblanche, prof Hein Viljoen, prof Jan Swanepoel en prof Bernard Odendaal sal insluit.

Aanvanklik sal gedigte in Afrikaans, Engels en Setswana voorkeur kry, maar personeel en studente word uitgenooi om voorstelle van gedigte in enige taal te maak. Heilna sê dit is een van haar drome om 'n digbundel uit te gee wat verteenwoordigend sal wees van die gedigte op die kampus. "Dit moet as 'n roetekaart oor die kampus dien."

Uiteindelik moet dié projek nie net tot die kampus beperk word nie. Wannie meen dit sal ideaal wees as dit na die res van Potchefstroom uitbrei, in samewerking met die stadsraad, die sakekamer en besighede in die stad.

Te min én te veel sout is skadelik

Uitslae van die grootste studie van sy soort dui aan dat die huidige aanbevole maksimum sout-inname vir die populasie teen 2020 eintlik te laag, en selfs onveilig kan wees.

Maár, 'n hoë inname van sout is óók onveilig, en daarom is 'n "optimale" hoeveelheid die beste teiken.

Twee verslae van 'n internasionale studie wat onlangs gepubliseer is, bevraagteken konvensionele wysheid oor sout-inname. Verskeie navorsers, waaronder kenners van die kampus, was betrokke by die projek.

Die Prospective Urban Rural (PURE)-studie het meer as 100 000 mense in 18 lande vir byna vier jaar dopgehou. Die studie het die natrium- en potassiuminname geassesseer en vergelyk met bloeddrukvlakke, asook sterftes, hartsiektes en beroertes. "Terwyl daar gefokus is om die

sout in diëte minder te maak, is 'n belangrike en geïgnoreerde benadering om bloeddruk te verlaag, die hoeveelheid potassium wat ingeneem word. 'n Gebalanseerde benadering sal die grootste voordeel inhou om bloeddruk te verlaag," sê dr Andrew Mente, die hoofskrywer van die eerste verslag.

"Lae natriuminname verlaag die bloeddruk matig, maar dit het ook ander effekte, insluitend nadelige verhogings van sekere hormone wat verbind word met 'n verhoogde sterfterisiko en kardiovaskulêre siektes," sê dr Martin O'Donnell, hoofskrywer van die tweede verslag.

Vir meer inligting hieroor, kontak prof Annamarie Kruger, direkteur van die Africa Unit for Transdisciplinary Health Research (AUTHeR) en leier van die Suid-Afrikaanse been van die PURE-studie.



Een van prof TT Cloete se gedigte is reeds in die Frans du Toit-gebou gemonteer.

Akademikus is nou **erelid** van **topliggaam**

Prof Marius Stander, navorser en lektor in bedryfsielkunde, is gekies as erelid van die Society of Industrial and Organisational Psychology in South Africa (SIOPSA).

Marius is genomineer deur die Departement van Bedryf- en organisasiesielkunde van Unisa.

Hy is 'n professor en bestuurskonsultant wat spesialiseer in assessering en optimisering van talentvolle persone en spanne.

Diegene wat Marius se nominasie onderteken het, glo dat hy die gestelde kriteria vir 'n erelidmaatskap by SIOPSA oortref.

Volgens die konstitusie van dié liggaam kan die uitvoerende komitee individue nader om erelede te word wanneer hulle hulself onderskei op die gebied van bedryfs- of organisatoriese sielkunde as 'n wetenskap of beroep.

SIOPSA streef om 'n omgewing te skep waarin bedryfs- en organisatoriese sielkundiges effektiewe en doeltreffende dienste, ten bate van almal in Suid-Afrika, kan lewer.



Prof Marius Stander is nou 'n lewenslange erelid van SIOPSA.



Mnr Wikus Botha sê dat die Cricket Centre of Excellence poog om 'n platform te skep waarvandaan plaaslike talent in toekomstige krieketsterre ontwikkel en omskep kan word.

Opwindende krieket-era wag

Die kampus breek nuwe grond vir sport en die nuwe Cricket Centre of Excellence is die diamant in die kroon van die Departement Sport.

Die sentrum kombineer voorpunt-tegnologie soos video-analise met die nuutste afrigtingsmetodes om 'n wetenskaplike basis te skep waarvandaan jong spelers en afrigters gementor en ontwikkel word.

Die sentrum kan 32 manlike en 32 vroulike spelers tussen die ouderdomme van 13 en 19 akkommodeer.

Aan die stuur van sake is mnr Wikus Botha, voorheen 'n speler vir die Noordwes Drake.

Wikus sê die kampus werk daarna om binne die volgende drie jaar deel van die Premierliga te word. Verskeie oorsese toere vorm ook deel van die beplanning en die kampus sal steeds aan die gesogte jaarlikse Univer-siteitesport Suid-Afrika-toernooi deelneem.

In 'n onlangse opwindende wending het die Gautengse Krieketraad die loodsing van 'n Promosie-liga aangekondig vir die agt meesbelowende spanne wat tans nie in die Premier-liga deelneem nie.

Die wenner van hierdie liga sal dan outomaties na die Premier-liga opbeweeg. "Dit is 'n groot geleentheid en kan die kampus se ontwikkelingssiklus 'n groot hupstoot gee," sê Wikus.

Ses lande ondersoek inklusiewe onderwys

'n Internasionale studie oor inklusiewe onderwys het 'n positiewe invloed op onderwyseropleiding en-praktyk in Suid-Afrika.

Die studie, "A comparative analysis of teachers' roles in inclusive education", word deur navorsers van Suid-Afrika, Finland, Sjina, Engeland, Litoue en Slowenië onderneem. Prof Mirna Nel, dr Thabo Makhalemele en me Isabel Payne-van Staden van die kampus is deel van die Suid-Afrikaanse navorsingsgroep.

Die hoofdoel van hierdie studie is om insig te gee in hoe onderwysers van verskillende lande die ontwikkeling van inklusiewe onderwys ervaar. Inklusiewe onderwys is die proses waardeur die uiteenlopende behoeftes van alle leerders aangespreek word deur struikelblokke tot of binne die leeromgewing te beperk, veral ten opsigte van

leerders met gestremdhede. Die bevindinge van hierdie studie het alreeds 'n impak op die herstrukturering van die sprogprogramme vir onderwyseropleiding by die NWU gemaak.

In die modules wat op inklusiewe onderwys en leerderondersteuning fokus, is meer studiemateriaal wat op bewyse gebaseer is, bygevoeg en by die hersiene 2016 BEd-kurrikulum sal leerderondersteuning as keuse-hoofvak bekendgestel word.

Sommige skole wat deel van die steekproef uitgemaak het, het ook versoek om verdere opleiding en ondersteuning te ontvang om hul onderrig meer inklusief te maak. 'n Gemeenskapsprojek in Sharpeville is ook aan die gang waar Mirna en Thabo onderwysers oplei om leerders te identifiseer en te ondersteun wat struikelblokke tot leer ervaar.



NWU- *kundiges* kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In hierdie voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

// Ons was verstom om uit te vind dat ons voorvaders ook aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het (in reaksie op prof Bernard Mbenga se voordrag oor die rol van die Bakgatla Ba Kgafelastam in die Anglo-Boereoorlog). Afrika het vakkundiges nodig wat hul kultuur, tradisies, wortels, en geskiedenis kan bevorder, aanvaar, en daarvoor kan skryf. 'n Nasie sonder 'n geskiedenis is verlore. //

Prof Mashudu Davhana-Maselesele, Rektor, Mafikengkampus.

"African scholars urged to write about their history", The New Age, 19 Augustus 2014.



“Wetstoepassing, ingenieurswese of opvoeding afsonderlik kan nie veiliger paaie verseker nie. Al drie aspekte moet saam aangewend word om mense hul gedrag te laat verander sodat dit tot die gewenste uitkoms kan lei. Mense se gedrag en sosio-ekonomiese oorwegings het ook 'n groot invloed op die waarde van padveiligheid in hul orde van behoeftes. Basiese behoeftes soos kos en behuising is meeste van die tyd belangriker as om seker te maak dat jou kind veilig by die skool aankom.”

Prof Gerda van Dijk, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus

"Good roads need safety campaigns that change public's behaviour", Mail & Guardian weeklikse bylaag, 1 Augustus 2014.

“Hoewel dieet- en voedingkundiges op sekere punte met prof Noakes saamstem (byvoorbeeld dat verfynde stysel uit die dieet uitgesny moet word), is daar tog 'n paar gevaarlike aannames wat op die lange duur tot tekorte en lewenstylsiektes kan lei. 'n Meta-analise wat in 2014 gepubliseer is toon aan dat beide 'n lae koolhidraat en gebalanseerde dieet soortgelyke gewigsverlies tot gevolg het. Gewigsverlies is net moontlik indien jy minder energie inneem as wat jy nodig het.”



Prof Edelweiss Wentzel-Viljoen, Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, Potchefstroomkampus

"Is die Tim Noakes dieet reg vir jou? Just another fad?", Rooi Rose/You, 1 April 2014.

“Oor die langduur sal kernkrag amper die helfte goedkoper as steenkoolkrag wees. As jy die geld (om 'n kernkragaanleg te bou) leen teen 'n 3%-reël (9% rente minus 6% inflasie), sal dit oor 60 jaar R0,40/kWh kos om dit op te wek (sonder verspreidingskoste bygereken). Steenkoolkrag aan die ander kant, sal – met verrekening van skade soos aardverwarming en besoedeling wat moet bygereken word – R0,73/kWh kos.”

Dr Dawid Serfontein, Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese, Potchefstroomkampus

Kernkragprogram, Robinson Regstreks - kykNET, 3 Oktober 2014.



// Generasie Y-studente het 'n baie positiewe ingesteldheid teenoor sosiale media, en ons navorsing toon dat Facebook steeds die gewildste is. Gegewe hoe gereeld hulle Facebook gebruik, mag Facebook-gebaseerde handelsmerkgemeenskappe 'n lewensvatbare manier wees om hierdie groep te teken. Ons navorsing beklemtoon egter ook dat leersaamheid, vermaak, verbruikersvoordele en geloofwaardigheid vir Generasie Y baie belangrik is. //

Prof Ayesha Bevan-Dye, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus.

"Generation Y surprise marketers", marketingupdate.co.za, 6 Augustus 2014.





Do, re, me, fa... Zaan was al daar!

Die NWU se mense laat hul stemme op verskeie gebiede hoor. In ons reeks oor interessante NWU-personeel, kuier ons by 'n personeellid wat 'n voorliefde vir koor-sang het en wie se sangtalent hom al na verhoë regoor die wêreld geneem het.

Mnr Zaan Strydom, bestuurder van Diens-billikheid by die Institusionele Kantoor, se liefde vir koorsang het reeds op skool in graad 2 begin.

Sedert daardie beginjare in die laerskool, waar hy eers as alt en sopraan gesing het en toe sy stem later breek in die hoërskool as lae bas, het hy as deel van die NWU PUK-koor in verskeie oorsese lande soos Duitsland, Frankryk, Nederland, Rusland en in April vanjaar ook in Letland opgetree.

Hy vertel dat dit juis in internasionale katedrale, op buitelandse verhoë en in vreemde lande is waar mens kan sien hoe koormusiek mense aan-raak. "Van Praag tot St Petersburg en tot die stug Duitsland, is dit 'n lewensveranderende ervaring as buitelandse gehore emosioneel by die sang be-trokke raak en musiek selfs die mees stoere mense op hul voete kry. Dit is die hoogtepunt van elke optrede wat ek saam met die koor beleef het."

HY SING REEDS JARE LANK

Soos wat Zaan ouer geword het, het sy liefde vir sing in verskeie vorme uiting gekry: op laerskool, dwarsdeur hoërskool tot in die Alabama-studen-teselskap, die Potchefstroomse Mannekoor en Mölen Kórus ('n plaaslike koor wat hoofsaaklik uit oud-Pukkoorlede bestaan).

Hy vertel dat die koor se voormalige koorleier, prof Awie van Wyk, hom in 2003 oortuig het om vir 'n oudisie vir dié koor te gaan. Hy was suksesvol en die res is geskiedenis. Hy het in 2011 vir die laaste keer onder Awie gesing, en verder onder leiding van die jong begaafde Kobus Venter. Tussendeur die studentejare het hy ook nog sowat 12 enkel-en Binglesêre ook agter die rug.

SINGENDE NADER AAN GOD

"As koorsang nie jou aanraak nie het jy definitief 'n harde hart," meen Zaan. "Dit is iets wat mens nie aan iemand kan verduidelik wat nie musiek verstaan nie. As deel van die koor het ek die ge-leentheid om saam met ander hartsgoed te sing – diep liederen en werke soos die Psalms, Griekwa-

Psalms en toonsettings uit die Bybel."

Hy vertel dat sang elke greintjie van 'n persoon se menswees aanraak. "Daar is 'n ou gesegde wat lui dat goed gesing twee keer gebid is. Daar is beslis waarheid in dié gesegde.

"In Praag het 'n beoordelaar na 'n kompetisie waaraan ons deelgeneem het in 2011 vir Awie gesê: 'Vandag het ek God gehoor.' (Dit was toe-vallig dieselfde beoordelaar wat dit 18 jaar van-tevore vir die koor van 1993 in Spittal gesê het). Dit is weer eens 'n bewys dat musiek nie grense het nie. In koormusiek is stemme die instru-mente waarmee mense aangeraak word.

BLINK UIT IN LETLAND

Zaan sê dit was wonderlik om deel te kon wees van die koor wat vanjaar tydens die Wêreldkoorspele in Riga twee goue medaljes ingepalm het. Die koor het goue medaljes in twee kategorieë, Musica Sacra (gewyde musiek) en Musica Contemporanea (kontemporêre mu-siek), gewen. Altesaam 480 internasionale kore met 'n totaal van 27 000 sangers, het in verskeie kategorieë deelgeneem.

KOORLEDE IS SOOS FAMILIE

Zaan vertel dat 'n koor soos 'n familie is. "Daar is verskillende persoonlikhede, net soos wat daar verskillende stemme is.

"Soos 'n familie waar elkeen 'n rol speel, so verenig die stemme en lewer elkeen 'n bydrae tot die finale werk."

HY WIL NOG LANK SING

"Ek word nou oud," skerts Zaan. "Elke jaar sê ek dit is dalk tyd om op te hou om in die universi-teitskoor te sing maar ek verander altyd weer my opinie wanneer die oudisies begin."

Hy sê dit is veral die lewenskennis wat deur die musiek oorgedra word en kameraadskap met mede-koorlede wat hom entoesiasies hou oor koorsang.

Met Zaan se lewenservaringe wat hy al as koorlid opgedoen het en sy passie vir sang is hy ook 'n inspirasie vir ander koorlede om met gevoelsang mense aan te raak. "Hoe langer ek sing hoe langer wil ek sing," sê hy.

Zaan Strydom sê koorlede vorm hegte bande en blywende vriendskappe net soos wat familie aan mekaar gebind is.



** As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteite doen, stuur gerus die inligting aan Willie du Plessis by willie.duplessis@nwu.ac.za.*

MY *gunsteling*- HERINNERINGE UIT MY KINDERDAE IS...



Wat is jou geliefkoosde herinnering uit jou kindertyd en hoekom is dit so spesiaal? 'n Paar personeellede het hulle spesiale onthou-oomblikke met Eish! gedeel.

Me Annelize Cronje, onderrigadviseur by die Akademiese Ontwikkelingsentrum, Mafikengkampus: "Piekniek saam met die hele gesin op die oewers van die Wilgerivier in my tuisdorp, Harrismith.

"Ek onthou my ouma se tuisgebroute gemerbier en die heerlike eiertoebroodjies en frikkadelle wat my ma gemaak het. My pa en broer het altyd visgevang terwyl ek na ouma se wonderlike stories oor haar grootwordjare geluister het. Die res van die gesin het skool- en werkstories uitgeruil. Ek dink ons skeep deesdae te maklik spesiale gesinstyd af."

Mnr Leepile Sehularo, dosent in verpleegkunde, Mafikengkampus: "My gunstelingherinnering het baie te make met goeie kos. Ek onthou dat ek as kind altyd die inhoud van my kosblik vroeg in die oggend, voor skool nog, wou opeet. Ek kon nie wag om die lekker kos te sien en daaraan te smul nie!"

Me Beula de Beer, NGOS-koördineerder by die Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys, Potchefstroomkampus: "Ek onthou een spesifieke dag in die skoolvakansie, toe my pa die oggend gelê en slaap het na 'n nagskof.

"Ek en my sus deel 'n kamer, en ons was dié oggend baie lawaaiig - vol laggies en giggels. Die volgende oomblik kom my pa die kamer binne en gee ons elkeen 'n drag slae. Dit was die eerste en enigste keer wat hy ons pak gegee het.

"Ek het daardie dag 'n belangrike les geleer: dat mens altyd eers aan ander mense moet dink, en hoe jou dae hulle kan affekteer. Vandag kan ek my kinders dieselfde ding leer – darem sonder die streepsuiker."

Me Michelle Davel, onderhoudsbeampte, Inwonings- en Voedseldienste, Potchefstroomkampus: "Ek het goeie herinneringe aan my ouma se kuiers toe ek nog kind was.

"Sy het altyd in my bed geslaap, en ek het op 'n matras op die vloer geslaap. My pa het elke oggend vir haar 'n koppie lekker rooibos-tee gebring, dan het sy altyd vir my 'n bietjie in die koppie gelos. Ek het haar help koekies bak en lekker deeg geëet tussen die bakkerij deur! Ek mis my ouma."

Mnr George Fazakas, Trevor James uitvoerende kunstenaar by die Skool vir Musiek, Potchefstroomkampus: "Ek maak al musiek vandat ek vyf jaar oud was. Daar is soveel pragtige musiekerinneringe wat in my gedagtes uitstaan.

"Ek onthou PACT se produksie van Benjamin Britten se opera, *Peter Grimes*, wat ek in 1969 bygewoon het. Die ongelooflike talent van die Suid-Afrikaanse tenoor, wyle Gert Potgieter, het vir 'n onvergeetlike optrede gesorg."

Me Debra Legotlo, ontvangsdame by die NWU PUK Sports Village, Potchefstroomkampus: "Ek is in 1986 gebore. My ma en haar twee susters was almal daardie jaar swanger.

Die gelukkige wenner van 'n kooppewys ter waarde van R250 sal in die volgende uitgawe van Eish! bekend gemaak word.

"'n Paar jaar later het ons kinders almal my ons ouma gebly. Terwyl ons gespeel het, het ons een van haar plante raakgesien. Soos kinders maar soms maak het ons almal 'n stukkie van die plant geëet.

"Ons het tot vandag toe nog nie die einde van die storie gehoor nie. Dis 'n groot grap in ons familie."

Me Martha Mahlangu, leeslaboratorium-koördineerder, Vaaldriehoekkampus: "Toe ek omtrent vyf of ses jaar oud was, het my oom my op my eerste treinrit van Pretoria na Soweto geneem. Ek was baie honger toe ons op Johannesburg se stasie aankom. My oom het vir my 'n pakkie skyfies en 'n Cream Soda gekoop.

"Elke keer as ek nou Cream Soda drink, dink ek terug aan daardie dag. Dit voel amper asof dit gister gebeur het. Cream Soda is nog steeds my gunstelingkoeldrank."

Me Thuli Msimanga, dosent by die Skool vir Gedragwetenskappe, Vaaldriehoekkampus: "My gunstelingherinnering is die speel met maatjies. Daar was niks lekkerder as beste maatjies nie. Ons het soveel pret saam gehad en die lewe voluit geniet.

"Dit sou vir my die vreeslikste ding gewees het as iemand my maats moes wegvat. Ek sou in sak en as gewees het. My gesin was ook wonderlik, maar nie soveel pret en plesier soos my maats nie!"



ANNELIZE



LEEPILE



BEULA



MICHELLE



GEORGE



DEBRA



MARTHA



THULI

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Potchefstroomkampus:

Me Alta Victor, administratiewe klerk, Posdienste (Logistiek)



Potchefstroomkampus:

Mnr George Ramatsebe, beskermingsbeampte, Beskermingsdienste



Potchefstroomkampus:

Me Angelique Möller, administratiewe beampte, Fakulteit Ingenieurswese



Potchefstroomkampus:

Me Monique van Deventer, administratiewe beampte, Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1. Noem een van die bekende sportsterre wat deur prof Manie Spamer afgerig is.
7. Wie is die lektor wat die gemeenskapsuitreikprojek geïnisieer het om informele dagsorgsentrusse in en om Mafikeng te help?
8. Wat is die naam van die navorsingspan wat waterverwante kwessies onder leiding van prof Johann Tempelhoff ondersoek?
9. Wat is volgens me Madelein van der Merwe, direkteur van Interne Oudit, die fokus van die interneouditspan?
10. Wat is die wetenskaplike naam van die "Cinderella"-plant wat prof Oziniel Ruzvidzo bestudeer?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Navorsers giet olie op troebel water

Dis nie maklik om olie op troebel waters te giet nie, maar die regte houding en vaardighede maak dit tog moontlik, sê prof Johann Tempelhoff van die Kulturele Dinamika van Water-navorsingsnis (CuDyWat) op die Vaaldriehoekampus.

Die CuDyWat-span se ligging op die oewer van die Vaalrivier is ideaal vir navorsing oor die rol wat water in die lewens van individue en gemeenskappe speel.

DIE WORTEL VAN DIE KWAAD

Volgens die span hou sowat 60% van die klagtes waaroor gemeenskappe diensleweringsoptogte hou, verband met water.

"Water word nooit as die primêre oorsaak van konflik genoem nie; dit is altyd 'n sekondêre en onderliggende oorsaak – 'n statiese soort pro-

bleem. Wanneer die watersituasie dan enigszins vererger, lei dit tot konfrontasie met die owerhede."

BLY ONAFHANKLIK EN NEUTRAAL

Dit help niks wanneer buitestaanders kant kies nie, sê Johann. "Wanneer ons na 'n dorp gaan om waterprobleme te ondersoek, bly ons onafhanklik en neutraal."

Indien nodig werk die span ook saam met hidroloë, ingenieurs en ander wetenskaplikes, maar die beginpunt is gewoonlik die dorp se munisipale eenheid vir omgewingsgesondheid.


Hier bestudeer hulle die dorp se watervoorsiening en demografie. Daarna besoek die navorsers dorpsbewoners wat winkels en besighede het, en ontmoet hulle die belastingbetalersvereniging en ander gemeenskapsgroepe.



Prof Johann Tempelhoff sê ervaring het hom geleer dat gebrek aan kommunikasie die mees algemeenste oorsaak van waterverwante konflik in klein dorpie is.

Ná hierdie informele interaksie volg groepbesprekings wat deur groepe soos munisipale amptenare, inwonersverenigings, besighede en die polisie bygewoon word.

Die volledige artikel kan hier gelees word:



Ons nuwe studenteleiers vir 2014/2015 is onlangs verkies. Die voorsitters van die onderskeie kampusse se verteenwoordigende studenterrade is van links mnr Tutu Kgobane, Mafikeng-kampus, me Monica van Schalkwyk, Potchefstroom-kampus en mnr Bethuel Mokoena, Vaaldriehoek-kampus. Bethuel is ook die voorsitter van die Institusionele Verteenwoordigende Studenterraad, terwyl Monica die visevoorsitter en Tutu die sekretaris van hierdie institusionele liggaam is.

ASPOESTERTJIEPLANT: PAS AAN OF STERF



Die lewe by die Mafikengkampus se Plantbiotegnologielaboratorium is moeilik as jy die plant, *Arabidopsis thaliana*, lid van die broccoliagtige brassica-familie, is.

In sy studie van die plant stel prof Oziniel Ruzvidzo, projekteur van die Plantbiotegnologie-navorsingsgroep op die Mafikengkampus, hierdie "Aspoestertjie" van die plantwêreld aan allerhande swaarkry bloot.


Oziniel sê die plant is besonder gehard en het die vermoë om by baie verskillende omgewingstressors aan te pas. "Ons het tot dusver 14 kandidaatproteïene geïdentifiseer wat betrokke is by die stresrespons-aanpassingsmeganismes."

Sy werk word deur die Nasionale Navorsingstigting befonds en behels die studie van die

presiese genetiese meganismes wat die plant moontlik kan gebruik om op omgewingstressors te reageer en daarby aan te pas. "Die kennis wat hieruit spruit kan teruggeploeg word in ons eie agonomies-belangrike gewasse om voedselproduksie te verbeter," sê hy.

"Klimaatverandering gaan gepaard met byvoorbeeld droogtes of vloed. As ons verstaan wát modelplante soos ons Aspoestertjie help om sulke stresvolle toestande te oorkom, kan ons die meganismes op 'n volhoubare wyse oordra na gewasse wat ekonomies belangrik is."

Die volledige artikel kan hier gelees word:



Dit begin alles hier®



NORTH-WEST UNIVERSITY®
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT